



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



Dina, die meisie wat verkrag is

Genesis 34

Uit my boek "Skaduvroue in die Bybel"

Die getuienis lyk verdoemend, en jy skud jou kop ewe meerderwaardig. Ja-nee, sy is skuldig, en klaar. Dis in elk geval hoekom Dina in hierdie boek is. Ek bedoel, wat het sy

daar in Sigem gesoek, tussen die klomp heidene? En toe sy eers verkrag is, hoekom het sy nie huis toe gegaan nie? Hoekom bly sy in Sigem seun van Gamor se huis? Dis mos om verdere moeilikheid te soek ...

Dina se wange is rooi van opwinding toe sy uitasem by die huis aankom. Dít was nou lekker: die kuier, die saam sing, die geselskap van ander meisies van haar ouderdom. Sy mis dit darem maar dat sy nie susters het nie. Net die twaalf broers, en die meeste van hulle is soveel ouer as sy dat hulle nooit juis saam kind in die huis was nie. Issaskar en Sebulon is nou wel net vier en drie jaar ouer as sy, maar hulle twee is altyd bymekaar, en nie meer lus om met hulle kleinsus te traak nie. Buitendien is hulle die laaste tyd meer dikwels in die veld by die kleinvee as wat hulle by die huis is. Die net Josef, wat 'n jaar jonger as sy is, met wie sy soms darem nog kan gesels, maar hy is 'n seunskind, en daarby nog oorlede tannie Ragel se seunskind, en pa Jakob se oogappel. Sy weet nie, maar dit gaan nie regkom met hom nie, want hy is 'n regte klein bedorwe mannetjie. Hy loop mos heeldag en spog oor hoe vernaam hy is, en hy dra boonop stories by hulle pa aan oor haar broers. Veral Simeon en Levi loop gedurig deur. In sy oë kan hulle niks reg doen nie, en sy stories kry altyd so 'n ekstra stertjie as dit by haar pa aankom. Haar ma hou hoeka niks van Josef nie. Verder is daar natuurlik nog klein Benjamin, Josef se boetie. Sy speel graag met hom, al hou haar ma nie daarvan nie. Maar hy is eintlik nog 'n kleuter, nie vir haar 'n maat nie. Sy speel eerder pop met hom.

Daar is natuurlik die slawe-kindere ook, maar met hulle is die spelery strammerig, want die kloof tussen hulle is maar daar. Haar ma sê altyd sy is Jakob seun van Abraham se kind, nie sommer enige hierjy nie. Buitendien is sy verby die stadium dat klippie-gooi en riemspring haar idee van vermaak is. Sy wil met meisies gesels oor die lewe, oor haar drome, oor seuns ...

Dis dié dat sy daar in Sigem gaan kuier het by die stad se meisies van haar ouderdom, meisies wat ook uit gesiene mense se huis kom net soos sy, soos Bala en haar suster Sera. Hulle pa Gamor is tog een van die vooraanstaande manne van Sigem. Jy kan sommer sien hulle is nie niks gewoond nie. En hulle broer

Sigem ... Hy maak haar knieë lam met daardie donker lokke wat so in die son blink, en sy breë skouers. Sy het nog nie 'n kans gehad om met hom te praat nie, en sy sal ook seker nooit die kans kry nie. Hy sal tog nie na haar kyk nie. Maar as hy naby verbystap waar sy en haar maats kuier, is dit of haar hart so 'n ruk in haar bors gee.

Bala het juis vanmiddag gevra hoekom sy so bloos toe Sigem daar verbykom, maar sy het dit weggepraat. Hulle hoef nie te weet wat in haar hart aangaan nie. Netnou vertel hulle dit vir hom, en dan skaam sy haar dood.

"Het jy die kuiertjie geniet?" wil haar ma weet.

"Ja, dit was heerlik. Bala-hulle het my genooi om môre weer te gaan. Kan ek maar?"

"Seker. Solank jy net nie tot ná donker wegbly nie."

"Nee Ma. Dankie, Ma."

"Moet jy nie vir Sinna saamvat nie? Ek is darem nie heeltemal gerus as jy so alleen deur die veld stad toe stap nie."

"Nee wat, Ma, dis heeltemal onnodig. Buitendien, sy sal net die hele kuier bederf."

Toe sy die volgende middag teen die laatmiddag se kant huis toe stap, sug sy tevrede. Sigem het met haar geglimlag! Hy het mooi wit tande. Sy skrik effens toe sy deur die stadspoort stap en buite die muur in Sigem vasloop. "O! Imm, hallo," bloos sy en laat haar kop sak.

"Haai, mooiste meisiekind," groet hy terug. "Gee jy om as ek 'n entjie met jou saamstap?"

Dina kyk onseker rond, maar gelukkig steur niemand hulle aan hulle twee nie. Dit sal nie betaamlik wees as hulle twee alleen opgemerk word nie. Maar haar ma het gesê dit kan gevaarlik wees om alleen te stap. Sy sal beslis veiliger wees as hy by is. En om te dink dat hy met háár wil saamstap! Uiteindelik knik sy. "Goed, maar net tot anderkant die bos."

Sy is te skaam om op te kyk, maar haar oog vang sy breë glimlag, en haar hart maak 'n paar bokspronge.

Hy gesels oor alles en nog wat met haar, vra haar uit oor haar familie, haar drome, haar werk in die huis, en haar beker van geluk loop oor. Hy is nie so 'n stommerik soos die ander ouens wat sy al ontmoet het nie. Hy stel in háár belang.

Die paadjie deur die bos kronkel af na die stroom, en daar, op 'n rotsbank, gaan hy sit. "Kom sit hier," nooi hy en tik op die rots langs hom. "Dis so rustig en kalm hier, met die water wat saggies murmel en die voëls se sang."

Hy is nogal 'n diep man, dink sy gelukkig toe sy langs hom gaan sit, nou met minder skroom. Haar skouer skuur teen syne toe sy gaan sit, en die aanraking stuur 'n aangename tinteling deur haar arm.

Hulle sit 'n rukkie en luister na die geluide van die bos. Dis of die vrede van die wêreld oor haar gekom het. Maar toe hy sy arm om haar lyf sit, trek haar rug styf. "Moenie," sê sy en probeer opstaan, maar hy hou haar vas.

"Ek dag dan jy hou van my," kla hy.

"Ek hou van jou, ja, maar dis onbehoorlik om só aan my te vat." Sy probeer haar weer uit sy arm loswikkel, maar kry dit nie reg nie. "Los my, asseblief. Ek moet nou huis toe gaan."

"Ag nee! Ek begin dit dan nou net geniet," sê Sigem en streel met sy ander hand oor haar borste. Sy asem jaag in haar nek.

Dina stamp sy hand ru weg. Sy begin nou regtig benoud raak en kyk om om te sien of daar nie dalk iemand aankom wat haar kan help nie. "Moenie! Ek sal vir my pa gaan sê as jy my nie dadelik los nie!"

Sigem laat hom nie keer nie en skeur haar kleed voor oop. "O, 'n klikbek, nè? En wat sal jou pa nogal sê as hy sien jou kleed is geskeur?" lag hy toe hy haar op haar rug terugdruk.

Dina probeer tevergeefs haar die stukkende kleed toerem. "Asseblief, Sigem, laat my gaan. Asseblief!" soebat sy, maar Sigem het ander planne.

Toe hy klaar is, probeer hy haar soen, maar sy draai haar kop weg en huil saggies. Iets binne-in haar het doodgegaan. Sy staan sonder 'n woord op en maak die flenters van haar kleed bymekaar en begin dan na haar pa se tente aanstropel.

Hy ruk haar aan haar skouer terug, sodat sy in haar spore omtol. "Waar gaan jy nou?" wil hy weet.

"Los my net uit," sê sy moeg.

"Jy kan nie huis toe gaan nie; nie só nie. Kom saam met my na ons huis."

"Saam met jóú? Jy moet van jou kop af wees!"

“Ek mag van my kop af wees, maar liefder van my kop af as dood, ou niggie. As jou pa-hulle jou só sien, is ek in die moeilikheid. Nee, jy kom saam met my.”

“Ek sal nie!” sê sy beslis en begin weer loop.

Hy gryp 'n dik bos van haar hare en ruk haar terug dat haar kop agteroor knak. “Jy kom saam met my, al moet ek jou aan jou hare tot by ons huis sleep. Jy kan kies: óf jy loop saam, óf ek sleep jou. Besluit net gou, want dit word laat. Die stadspoorte gaan nou-nou sluit.”

Sonder om te wag, draai hy om en begin in die rigting van die stad aanstap, haar hare steeds stewig in sy hand vasgedraai. Dina staan botstil, maar ná 'n paar woeste plukke gee sy op en loop gedwee agter hom aan. Elke tree neem haar verder van haar pa-hulle weg, en met elke tree sterf sy 'n bietjie verder.

“Ek het dié vir jou gebring,” sê hy en hou 'n bossie lelies na haar toe uit. “Hulle is amper so mooi soos jy.”

Dina kyk nie eens op nie. 'n Week terug sou dié gebaar haar hart laat bokspring het, maar niks kan haar meer opgewonde maak nie. Sy is nou al vyf dae in die man se huis. Sy wens sy was dood. Hulle behandel haar goed, maar sy is 'n gevangene daar. Geen oomblik van die dag of nag word sy alleen gelaat nie. Die eerste twee dae het sy omgehuil, maar nou het sy nie meer trane oor nie. Eers het sy elke oomblik verwag haar pa sal haar daar kom haal, maar met elke dag wat verbygaan, vervaag haar hoop. Haar pa-hulle is natuurlik nie lus om met 'n gebruikte meisie opgeskeep te sit nie, nou los hulle haar sommer.

Sy sit net daar kop-onderstebo in die huis. Bala en Sera probeer af en toe 'n gesprek aan die gang kry, maar sy het nie lus vir gesels nie. Sy het lus vir niks; allermens vir hulle broer se attensies.

“Ek en Pa gaan vanmiddag met jou pa praat oor jou en my.”

Dina antwoord nie. Niks wat sy sê, sal tog iets aan die saak verander nie. Maar in haar geestesoog sien sy haar lewe voor haar uitgestrek lê, en sy wens sy was dood.

“Dinatjie, ek is lief vir jou, jong,” probeer hy weer en tel haar ken op. “Ek wil met jou trou. Die ding wat tussen ons gebeur het, was nie reg nie, ek weet. Maar ek gaan dit

regmaak. Jy sal sien. Ek sal jou nie nou wegstoot nie.”
Dina vee sy hand weg. “Los my net uit.”
“Jy sal nog leer om vir my ook lief te word. Jy sal sien,” sê hy en sit die lelies in haar skoot voordat hy loop.

Sy kom agter die mense in die huis is redelik opgewonde, maar sy steur haar nie daaraan nie. Sy het gehoop, teen haar beterwete in, dat haar pa en broers heftig sou reageer op die huweliksaanbod van die man en sy pa. Maar klaarblyklik het dit nie gebeur nie, want hier sit sy nog altyd net so vasgekeer, meer as 'n dag later. Gister, toe hy en sy pa teruggekom het, het sy gehoor hulle praat baie, en redeneer redelik heftig, maar sy kon nie hoor wat hulle sê nie. Tóé was sy nogal nuuskierig omdat sy geglo het hulle sal haar vrylaat, maar toe daar niks van kom nie, het sy weer in 'n moedeloosheid en lusteloosheid gesink.

Hy bars in die kamer in, 'n breë glimlag op sy gesig. “Dis alles gereël. Met die volgende nuwemaan – dis oor 'n bietjie meer as twee weke – word jy my vrou. Wat sê jy daarvan?”

Dina kyk hom emosieloos aan. Sy kan nie glo dat dié man met sy haatlike bakkies haar hart eers so vinnig laat klop het nie. Sy sug gelate. So. Dan het haar pa en haar broers haar weggegooi, bly om ontslae te raak van die verleentheid.

“Is jy nie ook opgewonde nie?” vra hy. Kan 'n mens so ongevoelig wees oor 'n ander se hartseer?

Sy antwoord nie en kyk by hom verby, by die venster uit. Iewers daar buite sing die voëltjies en kabbel die water oor die klippe, en hier sit sy, vasgekeer in 'n vreemde stad tussen vreemde mense.

Hy laat hom nie afsit nie en gaan langs haar sit. Hy neem haar willose hande in syne. “Wel, jy sal nog van standpunt verander as jy weet waartoe ek en ons hele stad ingestem het net sodat jy my vrou kan word. Ons kom nou net van die vergadering met die stadsleiers af. Hulle het ingestem dat al die mans van die stad môre besny sal word.”

Skielik het hy haar aandag. “Besny?” vra sy ondanks haar voorneme om nie met hom te praat nie. Die besnydenis is tog die verbondsteken; die teken dat hulle God s'n is. Sal die hele stad dan nou ook die lewende God begin dien?

“Ja,” antwoord hy in sy skik. “Ek het vir jou pa en broers gesê ek sal betaal net wat hulle vra, want ek wil jou ten alle koste my vrou maak. Toe sê hulle jy mag nie ’n man trou uit ’n volk van wie die mans nie besny is nie, want dis teen julle gebruike en dinge. Maar as ons ons almal laat besny, kan ek en jy maar trou, en dan sal jou mense hier bly en deel van ons volk word. So-nie wil hulle niks weet nie en sal hulle jou kom haal en wegtrek.” Hy hou sy hande selfvoldaan op. “So dis die storie. Môre word ons almal besny, en dan trou ons, ek en jy.” Dina sê niks. Die hele storie maak nie juis vir haar sin nie. Sy het altyd gedink die besnydenis is ’n geloofsdaad, maar uit sy relaas klink dit nie vir haar meer so nie. Maar wat weet sy nou juis? Sy is net ’n meisie, of liewer, ’n vrou, noudat hy haar verkrag het. Sy hoef dit seker nie te verstaan nie. Miskien is dit die beste oplossing, dat sy en hy trou, en haar mense dan hier bly. Sy sal nou eenmaal nie ’n goeie huwelik met iemand kan maak nie, nie ná wat gebeur het nie. En sy sal seker mettert tyd leer om oor die verskrikking van die verkragting te kom, of minstens daarmee saam te leef.

Sedert die besnydenis drie dae gelede is dit taamlik stil in die stad. Veral van gister af gaan daar nie veel aan nie, want die mans lê almal van koors en pyn. Hy en sy pa ook. Die gewone straatgeluide het opgehou, want dis net die vrouens wat buite kom om water te gaan haal. Maar van vanoggend af is daar ’n ander klank in die stad; ’n onrustigheid. Af en toe klink ’n verbaasde uitroep, en hier en daar kan ’n gekerm gehoor word, of ’n woedende geswets.

Dina steur haar nie te veel aan die stadsgeluide nie. Dit gaan haar tog nie aan nie. Sedert die mans besny is probeer sy haar kop optel en haar indink in ’n nuwe lewe hier in die stad as daardie man se vrou, maar sy kry dit nie reg nie. Sy beleef oor en oor hoe hy haar klere van haar afskeur, hoe hy haar op haar rug neergooi, haar bene oopforseer met sy knieë ... Oor en oor hoor sy haarself soebat en pleit en smeek, maar al wat hy doen, is om tevrede in sy keel te grom. Sy sal moet ophou terugdink aan wat gebeur het en vorentoe begin kyk, maar sy kan nie. As haar pa en broers haar net wil kom haal dat sy by hulle kan wees. Maar hulle kom dan nie!

Toe Bala in die kamer inbars en histeries aan die gil gaan, kyk sy gesteurd op. Sy is tog nie lus vir Bala nie. Sy is vir niks lus nie. Nie meer nie.

“Dis jou broers! Dis jou broers!” skree Bala aanhoudend.

“Wat van hulle?”

“Hulle is hier in die stad!”

“Hier, in die stad?” herhaal sy, te verdwaas om helder te dink.

Die volgende oomblik hoor sy 'n harde slag soos die voordeur uit sy kosyn geskop word, en dan gil iemand hoog en dringend. Dis Sera. Dan hoor sy nog stemme; mansstemme. Sy hoor oom Gamor s'n, en die man wat haar verkrag het s'n ook. En dan 'n ander, bekende stem, woedend: “Vrek, jou mislike vark! Jy wil mos my suster verkrag!”

Dis Simeon! Hy het haar kom haal.

Toe Simeon en Levi met bebloede swaarde in die hand by die kamer instorm, gil Bala hard, maar sy merk dit skaars op, want die dood wat sedert daardie dag in haar hart gelê het, is weg.

Partykeer kan 'n mens jou lelik misgis. Hier is slegte mense in die verhaal, maar ek glo nie Dina is een van hulle nie. Die Bybel, en Jakob, spreek in elk geval nie 'n oordeel oor haar optrede uit nie, terwyl Jakob tog heelwat te sê gehad het oor die manier waarop Simeon en Levi hulle suster se eer herstel het.

Ek kan Jakob se dilemma verstaan. Hy is 'n vreemdeling in Kanaän, en hy kan nie juis bekostig om links en regs vyande te maak nie, want hy is afhanklik van die mense se goedgesindheid. En ek kan ook sy ongelukkigheid verstaan oor die manier waarop Simeon en Levi die onreg wat hulle suster aangedoen is, gewreek het. 'n Hele stad tot niet. Dit is darem 'n bietjie meer as wat nodig is. So voel Jakob, en so voel jy ook miskien. Maar as ek Dina was, sou hulle optrede my sekerlik getroos het, al kon dit nie haar stukkende lewe heelmaak nie. Hulle het minstens gewys dat hulle suster vir hulle baie, baie belangrik is.

So – ek het my lelik misgis met dié meisiekind. Sy moes nooit in hierdie boek beland het nie. Maar my vinnige veroordeling is nie 'n nuwe streep nie. Ek was van kleins af al so. Ek moes seker so gewees het, want iets wat ek uit my kinderdae goed

kan onthou, is 'n sê-ding van my pa. Hy het dikwels vir my gesê: “Wees nie alte regverdig nie.” Sy raad sou my goed te pas gekom het met Dina. Maar ek het nie sy raad gevolg nie. Daarom is Dina in dié boek, verkeerdelik gebrandmerk as een van die slegte vrouens in die Bybel.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Ragel, die vrou wat alles gehad het

Genesis 29-31

uet my boek "Skaduvroue in die Bybel"

Ek was self ook verbaas toe ek Ragel se naam by die lys van die sogenaamde slegte vroue van die Bybel gevoeg het. Ragel? Wat soek haar naam tussen die Hagars en die Isebels en Atalias van die Bybel? Ek weet nie hoekom nie, maar ek het altyd 'n sagte plekkie vir Ragel gehad. Miskien omdat sy Jakob se eerste liefde was. Of miskien omdat sy nie, ten spyte van haar pa se ooreenkoms met Jakob, Jakob se eerste vrou geword het nie. Of miskien omdat sy so lank kinderloos was, en uiteindelik net twee seuns gehad het terwyl Lea ses gehad het, en nog 'n dogter ook. Of miskien omdat sy by Benjamin se geboorte dood is.

Miskien speel al hierdie faktore 'n rol. Maar ek dink die antwoord lê dalk eerder opgesluit in Genesis 29:17, waar staan dat Lea sagte oë gehad het, maar "Ragel was mooi gebou. Sy was beeldskoon." Dalk het ek my deur haar mooi gesiggie laat vang. En dis gevaarlik. Want toe ek die vroue in die Bybel een vir een moes oorweeg om te besluit watter twintig ek in die boek moet insluit, ontdek ek tot my teleurstelling dat Ragel glad nie die engeltjie was wat ek altyd geglo het sy is nie. Die feit dat sy mooi was, is omtrent die enigste positiewe ding wat die Bybel vir ons van haar vertel. Jakob was baie lief vir haar. Vier maal in Genesis 29 staan daar dat hy haar liefgehad het. Maar nie een keer vertel die Bybelskrywer ons hoe Ragel oor Jakob gevoel het nie. Dalk moet ons nie te veel in dié weglating lees nie. Maar dalk tog ... Was dit dan nie sy wat haar pa se afgodsbeeldjies gesteel het toe hulle uit Haran weg is nie?

Soos die jare verbygaan, stoot die wrewel al bitterder in Ragel se keel op. Dis nie reg nie. Dis net nie reg nie, sê sy oor en oor vir haarself. Jakob het tog vir háár lief. Of so sê hy in elk geval. Sy sou ook sy enigste vrou gewees het – daarvoor sou sy gesorg het! – as haar pa haar nie bevark het en Lea eerste laat trou het nie. Sy is sommer van voor af weer briesend kwaad as sy net daaroor dink.

Maar dié onreg sou sy nog kon hanteer. Sy het in elk geval gesorg dat Jakob nie juis in Lea se bed boer ná daardie eerste huweliksweek nie. Hy is hare, en daarmee klaar. Net as dit dáárdie tyd van die maand is laat sy Jakob na Lea toe gaan.

Sy sou dit nog kon hanteer dat haar suster haar man so af en toe vir 'n nag kry. Maar wie het nou kon dink Lea sal soos 'n konyn teel? Sy kan die kere dat Jakob by Lea geslaap het, byna op haar vingers tel. En wat het gebeur? Sy het sowaar al vier kleintjies staangemaak. Vier, en boonop is al vier nog seunskinders ook. Dit voel vir haar Jakob stap net na haar kamer se kant toe, dan is sy weer in die andertyd.

Ag nee sies, skaam sy haar nie? Om so ... so ... soos 'n bokooi die een kleintjie op die ander te kry nie? Eers Ruben. Lelike kind. Sy oë sit glad te naby mekaar. Hy lyk sommer soos 'n skelm. En toe daardie gruwelike mannetjie, Simeon. Mislike kêreltjie, hy. Sy wil hom net klap as sy hom sien. Toe kom Levi. Hy sou miskien nog oulik gewees het, maar hy is heeltemal onder Simeon se invloed. Hulle twee vang die verskriklikste goed aan. En dan is daar Juda. Hy is die beste van die vier, maar dit sê ook nie veel nie. Hy lyk nie te onaansienlik nie. As hy net 'n ordentlike ma gehad het, was daar dalk nog 'n kans dat hy goed kon uitdraai. Maar met ou Lea met die sagte ogies? Vergeet dit.

Die twee seuns wat haar slavin Bilha by Jakob het, troos darem 'n bietjie. Dan en Naftali is nou nie haar eie-eie seuns nie,

maar hulle is in elk geval stukke beter grootgemaak as Lea se telge. Hulle is goed gemanierde, ordentlike seuntjies. Nogal fraai, die twee outjies.

Maar Lea gun niemand mos 'n bietjie vreugde nie. Bilha het skaars begin verwag, toe kon dit nie anders nie: Jakob móés net by haar ou slavin Silpa ook gaan inkruip. Sy het Jakob skoon jammer gekry, want Silpa is so lelik soos die nag met daardie haakneus en dik onderlip van haar. En toe sy haar oë uitvee, het Silpa óók twee seuns, net soos Bilha. Gad en Aser, het Lea hulle genoem. "Gelukkig", beteken altwee dié name. Natuurlik om vir haar wat Ragel is, te koggel met hoe gelukkig sy is om kinders by die hope te hê. Lea kan ook geen kans verby laat gaan om dit in te vryf dat sy meer seuns in háár huis het as wat sy wat Ragel is het nie. Ses teen twee. Ses liederlike seuns teen haar twee fraai bloedjies.

Lea! Altyd net Lea. Hoekom is die lewe so skeef? Lea verdien nie ses seuns nie. Sy verdien niks nie. Sy is nie eens mooi nie. Jakob het dit self teenoor haar erken. Maar sy het nie vir Jakob nodig om dit te bevestig nie. Enige mens met oë in sy kop kan sien dat Lea lelik is. Skreeulelik verby, net soos Silpa. 'n Mens sou haar nog kon jammer kry daaroor, as sy net nie so in haar skik was met haar troppe seuns nie.

Ragel bal haar vuiste. Sý is die mooi een. Sy was nog altyd die mooie. Sy het 'n mooi gesig, nie so 'n afgeremde bokooigevreet soos Lea nie. En sy is baie beter gebou as Lea, dit weet sy ook. Lea het sulke ou dun kieriebeentjies en pap hangtiete. Sy gril sommer as sy daaraan dink. En dan sy is nog sommer spanne slimmer as Lea ook. Sy het Lea van kleins af met alles gewen. Sy kan vinniger hardloop, beter somme maak, mooier sing, lekkerder kook. Hoekom is sy nie beter as Lea met kinders-kry nie? Die één ding wat regtig vir 'n vrou saak maak. As sy net één ou seuntjie van haar eie gehad het, net een. Sy het al daaroor met Jakob gepraat, maar hy verstaan nie. Hy het hom glad vir haar vervies; gesê dis God wat sorg dat sy nie swanger word nie.

Dit is miskien waar wat Jakob sê. Dalk is God vir haar kwaad, maar waarom Hy haar so verskriklik moet straf, verstaan sy nie. Wat het sy nou eintlik verkeerd gedoen dat haar hele lewe een groot stuk hel moet wees? Dat sy die hele dag lank in ander vrouens se kinders moet vaskyk?

Die soet geur van die liefdesappels wat sy onder haar bed gesit het, hang swaar in die kamer. Met 'n sug draai Ragel haar om en lê op haar ander sy. Die slaap wil maar nie kom nie. Sy mis vir Jakob in haar bed. Sy wonder of dit 'n goeie ding was om die liefdesappels wat Ruben vir sy ma gebring het, af te rokkel. Toe hy daarmee uit die veld aangekom het, het sy gedink dis die antwoord op haar probleme, en sy wou dit ten alle koste hê. Lea het dit tog in elk geval nie nodig nie, konyn wat sy is. Maar as Jakob die liefdesappels in haar kamer ruik, sal dit hom rasend maak. Miskien gee hy dan uiteindelik vir haar die seun wat sy verdien.

Sy móét 'n seun hê. Dis haar reg as Jakob se lieflingvrou, sy eerste en enigste liefde. Haar keel is so bitter dat sy opstaan om 'n bietjie water te gaan drink. Sy is somer vies vir haarself. Vir wat het sy gesê Jakob kan vannag by Lea gaan slaap in ruil vir die liefdesappels? Soos haar geluk werk, sal Lea nog 'n kleintjie kry. En al waarmee sy sit, is 'n paar verlepte liefdesappels en 'n leë bed.

Ek is bevrees Ragel was een van daardie mense wat feitlik alles het, maar nie daarmee tevrede is nie en nog meer wil hê; ook die bietjie wat ander het wil inpalm. Sy was gewoon daaraan om almal om haar pinkie te draai. Daar was so 'n meisie in ons klas op skool ook. Sy was die vangs van die skool. Die seuns het almal om haar aandag meegeding. Heel voorspelbaar het sy uiteindelik, nadat sy baie seuns probeer het, die sportster van die skool – self 'n hartebreker –

uitgekies. Maar iemand wat gewoon is om al die aandag te kry, wat gewoon daaraan is om die middelpunt van belangstelling te wees, leer nie van kleins af deugde soos nederigheid en beskeidenheid en onselfsugtigheid aan nie. Daarom was sy glad nie goeie troumateriaal nie. Hulle huwelik het lank gelede al in die skeihof geëindig.

Ragel se suster Lea het nie eintlik die oog met haar grasieluse skoonheid gevang nie. Maar 'n wonderlike ding word van haar gesê. Sy het sagte oë gehad.

Ek dink Jakob was 'n swaap. Ek kies vir Lea.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)

- [Boekwinkel](#)
- Soek

Jakob

Die man wat almal wou inloop

Sy verhaal

As dit net nie so donker was nie, kon hy gesien het met wie hy nou al die hele nag lank stoei. Maar hy is seker dit moet Esau wees. Wie anders sal hom stilletjies in die nag probeer oorweldig waar niemand dit kan sien nie? Dis net Esau wat so iets sal doen. Sy broer het natuurlik geskrik toe hy sien hoe 'n groot geselskap hy by hom het, en besef dat hy nie sommer helder oordag van hom ontslae sal kan raak nie, Dis dié dat hy nou hier in die donker met hom wil afreken. Maar as Esau gedink het hy sal hom sommer so maklik oorweldig, maak hy 'n fout. Hy laat hom deur niemand wen nie; niemand nie!

'n Verblindende pyn skiet deur sy heup. Die vloek het hom op sy heupsening geslaan, en nou is sy heup lam.

“Los my, want die dag breek,” sê die man.

So maklik kom jy nie weg nie, ou broer! “Ek sal ou net los as jy my seën,” antwoord hy. As Esau hom nou seën, kan hy mos nie môre teen hom kom veg nie, en dan het hy sy doel bereik.

“Wat is jou naam?” wil die man weet.

Snaaks, Esau ken mos sy naam. Maar ... dan is dit nie Esau nie! Wie sou dit tog kon wees? Moet hy dan vir die vreemdeling sê

wat sy naam is? Dat hy Jakob is, dat sy naam 'hakskeengryper' is? Die bedrieër, wat nog altyd met sy skelmstreke bo uitgekom het? Dat hy sy broer Esau en sy pa Isak geflous het, en later ook sy oom Laban, sodat hy vandag met twee van Laban se dogters en byna die helfte van sy vee uit Haran terugkom?

"Jou naam," dring die vreemdeling by hom aan.

Hy skud sy kop. Hy kan dit nie verstaan nie. Hy was nog nooit skaam vir sy naam nie. Hy was nog altyd trots daarop dat hy sy sake kon plooï, en dat ander moes weet dat hulle nie met hom kanse moet vat nie, want hulle sal tweede kom. Maar nou, teenoor hierdie vreemdeling, is dit skielik vir hom moeilik om te erken wie hy is, is dit vir hom verskriklik belangrik dat hierdie man 'n goeie indruk van hom moet hê. Sal hy vir hom sê hy is Abraham se kleinseun? Hy is die tweede seun van Isak? Dit sal tog 'n goeie indruk maak.

"Jou naam," vra die man weer, hierdie keer dringender. "Wat is jou naam?"

Hy laat sy kop sak, en sê sag: "Jakob."

Lees Genesis 32:22-32

Pas jy dalk in dié storie?

Ons lewe vandag in 'n uifers mededingende wêreld. Feitlik van ons geboorte af is ons in 'n kompetisie met ander mense gewikkel. Alles wat jy doen, word met ander mense se optrede en prestasies vergelyk. Wanneer 'n kind met sy rapport huis toe kom, staan nie net sy punte daarop nie, maar ook dié van die klasgemiddeld. Die kind se prestasie word beoordeel aan hoe hy teen ander opweeg. Op die sportveld neem jy nie deel vir die ontspanning nie, jy ding mee om 'n plek in die span.

By die werk word jou prestasievlakke gemeet om te kyk of jy, of dalk iemand anders, die bevordering gaan kry. Selfs 'n eenvoudige motorrit kan maklik ontaard in 'n stryd om die motor voor jou verby te steek.

Jakob se verhaal wys vir ons dat die kompetisiegees so oud soos die lewe self is. Jakob was nie 'n slegte ou nie. Hy was maar net lief daarvoor om te wen, en dié ingesteldheid het ongelukkig dikwels sy gesonde oordeel aangetas. Dis dié dat hy dit oor sy hart kon kry om sy eie broer uit sy eersgeboortereg te kul, en sy pa te bedrieg. Later het hy van sy eie medisyne gekry toe sy skoonpa Laban hom lelik bedrieg het, en hy op die oggend ná sy huweliksnag ontdek dat sy bruid nie die skone Ragel is nie, maar haar oninteressante ouer suster Lea, wat al 'n taamlike tyd op die rak gesit het.

Dis 'n strik waarin 'n mens vandag nog kan trap: dat jy so meegevoer word deur 'n saak, dat jy later nie meer helder dink oor waarmee jy besig is nie. “Wen tot elke prys” het ongelukkig deel van die moderne samelewing geword. Daarom gebruik sportmanne stimulant, al weet hulle dat dit op die lang duur skadelik gaan wees. Daarom maak politici beloftes wat hulle onmoontlik kan nakom. Daarom steek kollegas mekaar in die rug. Goeie, ordentlike mense, wat deur die strewe om te wen, in Jakoppe verander.

Hoe nou gemaak?

Op 'n manier moet ons van hierdie wen-tot-elke-prys-moraal ontslae raak, anders sal dit ons vernietig. Die goeie nuus is: dit kan. Dis wat met Jakob daardie nag by die Jabbokdrif gebeur het. God het hom daar voorgekeer. Na daardie nag se worsteling was Jakob nooit weer dieselfde nie. Hy is van sy siekte genees en het Israel geword: vors/stryder van God. Ons lees van geen enkele skelmstreek in sy verdere lewe nie.

Maar dit vra dat ek en jy, soos Jakob daardie nag, eerlik met onself en eerlik voor God moet word, en ons Jakob-gesindheid bely. Dit vra dat God ons harte sal verander, ons sal verlos van die strewe om te wil wen tot elke prys. Dán kan ons ook bid soos die Spreuke-digter in Spreuke 30:7-9 (en dit opreg bedoel!):

Net twee dinge vra ek van U;

moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf:

moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie;

moet my nie arm maak of ryk nie,

gee my net die kos wat ek nodig het,

sodat ek nie te veel het en U verloën

en sê: "Wie is die Here?" nie,

en sodat ek nie arm word en steel

en my God se Naam oneer aandoen nie.

uit my boek "[Mans uit die Bybel](#)"



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Kortverhale](#)
- [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Esau

uit my boek "[Mans uit die Bybel](#)"

Die man wat vir die genot van die oomblik geleef het

Sy verhaal

Sy skouers brand van die gewig van die bok wat hy geskiet het, en hy is bly toe hy uiteindelik hulle tente voor hom in die laagte sien. Dit was 'n lang dag.

'n Rokie krul aanloklik tussen die tente uit, en hy sluk moeisaam om die branderige droogheid uit sy keel te kry. Stadig laat hy die bok van sy skouers gly, en buig dan agteroor om sy moeë rugspiere te laat ontspan. Dan stap hy na die vuur toe. Die geur van die kos vul die lug, en sy mond water. "Watse rooi goed het jy daar in die pot?"

"Dis lensiesop," antwoord Jakob. "Dis 'n nuwe resep wat ek

probeer het." Hy doop 'n stukkie brood in die sop en steek dit behaaglik in sy mond. "Heerlik," sug hy tevrede, en vee sy mond met die agterkant van sy hand af. "So moet sop mos smaak."

Gulsig steek hy sy hand uit om die lepel te vat. "Gee vir my ook van daardie rooi goed wat jy daar in die pot het. Ek is doodmoeg!"

"A nee a, nie so haastig nie!" Jakob klap sy hand weg. "Wat gee jy my as ek die sop vir jou gee?"

"Wat wil jy hê?"

"Wat van ... jou eersgeboortereg?"

"Is jy mal in jou kop? Dis net 'n pot sop!"

"Wel, dis my prys. Die pot sop in ruil vir die eersgeboortereg." Jakob sit selfvoldaan agteroor.

Esau sug, en trek dan sy skouers op. "Ek sal tog eendag doodgaan, en dan sal dit my niks baat dat ek die eersgeborene is nie."

Lees Genesis 25:19-34

Pas jy dalk in dié storie?

Esau se probleem was dat hy vir die oomblik geleef het. Mère en oormère se sake het hom nie gepla nie, solank hy net vandag alles kry wat hy wil hê. In die proses het hy nie net sy erfporsie weggegooi nie; hy het ook sy roeping verkwansel. Die eersgeboortereg het baie meer ingehou as net die dubbele deel waarop die oudste seun geregtig was: die eersgeborene was die draer van God se belofte aan Abraham, dat in hom al die nasies van die aarde geseën sal word. Dit was hierdie reg, die reg om erfgenaam van God se beloftes te wees, wat Esau geminag het.

In jou geswoeg en strewe na tydelike dinge kan jy maklik in dieselfde strik as Esau beland. Jy kan jou maklik verbeel dat dit ter wille van jou gesin is dat jy jou so afsloof; dat dit vir hulle sekuriteit is dat jy sulke lang ure werk. Miskien sê jy nog vir jouself dat jy dit eendag rustiger sal vat, maar dat jy nie nou kan bekostig om effens skiet te gee nie, anders

gaan jy nie bo uitkom nie.

Hoe nou gemaak?

Daar is dinge wat nie onderhandelbaar is nie; dinge wat jy net nie vir die pot lensiesop van 'n groot salaris aan die einde van die maand durf verruil nie. Om net 'n paar te noem: jou verhouding met die Here, jou verhouding met jou vrou, jou verhouding met jou kinders. Miskien moet jy jouself afvra hoe jou huidige lewenstyl en werkpatroon dié verhoudings beïnvloed.

Tyd het 'n manier om deur jou vingers te glip, wég te wees voordat jy jou oë uitvee. Elke uur wat jy meer aan jou werk bestee, is 'n uur minder met jou gesin. Voor jy jou oë uitvee, is hulle te groot om by hierdie tyd te baat; is hulle uit die huis en uit jou lewe. En niks, maar niks kan die verlies aan tyd saam vergoed nie, al probeer baie pa's (en ma's) om dit met geld en geskenke te doen. Toe ek jonger was, was die slagspreuk in die media: kwaliteit tyd. Dit sou kwansuis opmaak vir die kwantiteit wat kinders wie se ouers albei werk, moet ontbeer. Vandag sê sielkundiges dat dít 'n mite is. Niks kan jou dáár-wees vir jou vrou en jou kinders vervang nie.

Om vir Esau raad te gee, is maklik: moenie dat die geur van die lensiesop jou gesonde verstand benewel nie. Vir vandag se veeleisende wêreld, waar beide ouers genoodsaak is om te werk, is die oplossing helaas nie so eenvoudig nie. Maar die gevolge, as jy nie iewers jou voet neersit en besef die pot lensiesop is baie duurder as wat dit op die oog af lyk nie, is skrikwekkend: egskeidingsyfers, selfmoordsyfers, leë kerke is die koue statistiek van die matelose hartseer wat die pot lensiesop koop. Daarom het die Here Jesus by geleentheid gesê (Matteus 6:31-33): "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles

nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Eliëser

uit my boek Mans uit die Bybel

Die man wat slim genoeg was om nie op sy eie 'n groot besluit te neem nie

Sy verhaal

“Hoe gaan Oom vir meneer Isak 'n vrou kry?” vra Heber vir die soveelste keer, die verontwaardiging bitter in sy keel. “Hier kom ons die hele lange ent om 'n vrou te kom haal. Maar 'n vrou is mos nie soos 'n donkiemerrie wat jy uit die trop kan keer en deurkyk, en dan besluit of sy sal deug of nie! Kyk, ek is baie lief vir ons meneer Abraham, en ek dink meneer Isak verdien 'n bobaas-vrou, maar hierdie hele plan stink!” Om sy misnoeë te wys, spoeg hy met mening op die grond langs sy kameel.

“Stadig nou, Heber, stadig nou. Kom ons wag tot ons daar kom, voordat ons besluit dit sal nie werk nie,” paai hy, hoewel die onsekerheid sy maag al dae lank onderstebo het. “Ek klou maar net vas aan die woorde van ons meneer. Hy het belowe: ‘Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir my seun 'n vrou van my land af sal kan bring.’”

“Gmf. Dis maklik om so 'n belofte te gee as jy lekker in jou tent kan sit en wag dat ander vir jou seun 'n vrou moet gaan soek!”

“Dis nou genoeg, Heber! Ek wil geen woord verder oor hierdie saak hoor nie.”

Toe hulle 'n hoogtetjie oor gaan, sien hy die stad voor hulle lê, en 'n fontein in die laagte, net buite die stadspoort. By die fontein klim hy af, en kniel in die stowwerige pad, en bid: “Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met jy gebeur; betoon tog u trou aan my eienaar

Abraham. Hier staan ek by die fontein waar die jongmeisies van die stad sal kom water skep. As ek vir 'n meisie vra: 'Hou tog jou waterkruik dat ek kan drink,' en sy antwoord: 'Drink gerus, en ek sal jou kamele ook water gee,' dan is dit sy wat deur U gekies is vir u dienaar, vir Isak, en dan sal ek weet dat U trou betoon aan my eienaar."

Toe hy sy oë oopmaak, staan die mooiste jong vrou wat hy nog gesien het, voor hom, 'n ondeunde vonkel in haar oë.

Lees Genesis 24:1-27

Pas jy dalk in dié storie?

Eliëser is nie een van die groot helde van die Bybel nie. Trouens, sy naam (wat heel gepas "God is my hulp" beteken) staan maar net een keer in die Bybel, en dit nie eers in hierdie verhaal nie, maar in Genesis 15:2. Ons lees nooit weer van hom nie. En tog moet hy hier in Genesis 24 'n sleutelrol in die geskiedenis van God se volk vervul. Die vrou wat hy moes gaan soek, sou immers die ma word deur wie God se volk tot stand sou kom.

Eliëser se probleem was dat hy hier skielik op onbekende terrein beland het. Sy lewe lank was hy gewoond om opdragte uit te voer, en nou, ewe skielik, verwag sy eienaar van hom om self 'n ontsettend belangrike keuse te maak. Hy moet vir Isak 'n vrou uitsoek. En, soos Heber tereg opgemerk het, sy lewe tot op daardie stadium het hom nie juis toegerus om sulke keuses te maak nie. G'n wonder nie dat hy van die begin af bedenkinge oor sy opdrag het, en dit ook teenoor Abraham opper. Abraham het hom aan die diepkant ingegooi, en hy voel glad nie gemaklik daar nie.

Ons is nie almal bestem om die Abrahams en die Isakke van die lewe te wees nie. Die meeste van ons is maar net gewone mense in 'n groot wêreld, wat iewers 'n kleinerige skakel in 'n

groot ratwerk vorm. En laat ons maar eerlik wees: baie van ons verkies dit so. Sonder die hoë posisie het jy ook nie die groot verantwoordelikhede nie.

Maar selfs ons gewone mense kom van tyd tot tyd in 'n situasie soos dié waarin Eliëser beland het. 'n Situasie waarin jy 'n belangrike keuse moet maak, en jy voel glad nie opgewasse daarvoor nie. Jy ken daardie gevoel: jy kan aan 'n honderd verskonings dink hoekom jy die besluit moet uitstel. Jy lê en rondrol op jou bed en weet nie watter kant toe nie.

Hoe nou gemaak?

Glo jy in die krag van gebed? Glo jy dat die Here vir jou die antwoord sal gee? Nee, ek vra nie of jy oor die saak bid as jy in so 'n situasie beland nie. Ek vra of jy glo dat gebed 'n verskil sal maak.

Eliëser het dit geglo – en 'n antwoord op sy gebed ontvang, verstommend so. Dis ook wat die Here Jesus ons leer: dat ons moet bid dat God ons elke dag ons daaglikse brood sal gee (Lukas 11:3); dat elkeen wat vra, ontvang (Matteus 5:7,8); dat ons ons bekommernisse op Hom kan werp, want Hy sorg (vgl. 1 Petrus 5:7).

Dis ook wat Dawid gedoen het in Psalm 25:1-5:

Tot U, Here, rig ek my,

my God, op U vertrou ek.

Laat my vertrou nie tevergeefs wees nie,

laat my vyande nie juig oor wat met my gebeur nie.

Niemand wat sy verwagting in U stel,

sal beskaam word nie.

*Dié wat nie op U vertrou nie,
hulle kom in die skande.*

*Maak my u wil bekend, Here,
leer my u paaie.*

*Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin,
want U is God, my redder.*

In U stel ek elke dag my verwagting.

Eliëser het dit gedoen, en hy is nie teleurgestel nie. Miskien moet ek en jy dit ook probeer?



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)

- [Die Bybelkoerant-konsep](#)
- [Jaco Thom](#)
- [My boeke](#)
- [Privaatheidsbeleid](#)
- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het

Job 1:1-2:10

uet my boek "Skaduvroue in die Bybel"

Die huweliksformulier vereis van man en vrou om mekaar by te staan as dit goed gaan én as dit sleg gaan. Toe jy voor die kansel gestaan het, was dit maklik om dit te belowe. Jy en jou bruidegom was immers jonk en blakend gesond. 'n Rooskleurige toekoms het op julle gewag: 'n eie huis, 'n gesin, voorspoed ...

Helaas, die lewe werk nie altyd so nie. As dit goed gaan, is dit al klaar moeilik genoeg om die huwelik te laat werk, want jy en jou man dink nie altyd dieselfde oor sake soos kinderopvoeding of geld of ontspanning nie. Tog kry julle dit darem op 'n manier reg om dié knikke te oorkom. Maar as die teenspoed ewe ongevraagd aan die deur kom klop, kry jou huweliksbelofte skielik 'n totaal ander kleur. Jou man verloor sy werk of dalk sy gesondheid, en nou moet jy steeds aan sy sy bly en hom ondersteun.

Iewers in jou agterkop begin jy wonder of hy nie op een of ander manier skuld het aan sy ellende nie. Van jou vriendinne het dalk ook al skimpe in dié rigting gegooi. Miskien is die Here besig om hom te straf oor iets wat hy gedoen het, iets waarvan jy nie weet nie. Hoekom anders sal die rampe hom dan tref ...

Die dag het soos enige ander dag begin. Job gaan vroegoggend na die huisaltaar waar hy tot die Here bid soos sy gewoonte is. Daarna kom hy eet. Hulle praat oor koeitjies en kalfies, nie oor gewigtige sake nie. Sy is maar bly sy kon dié reël invoer, want dan kan sy minstens by die ete seker wees Job sal nie aan haar karring oor haar geloof nie. Dis al erg genoeg dat hy hulle almal ná elke fees van die kinders na die altaar sleep om versoening vir hulle sondes te doen. Dit sal seker môre weer gebeur, want die kinders het juis weer vandag 'n fees in die oudste broer se huis. Hulle wou hê sy moet ook kom, maar sy is tog nie vandag lus vir 'n klomp vrolikheid nie. Dis al erg genoeg dat sy in haar man se vrolike gesig moet vaskyk.

Ja, die dag het soos enige ander dag begin. Totdat ou Merda daar aangekom het, gehawend en swaar gewond, met die tyding dat 'n bende uit Skeba hulle kom aanval het. Hulle het al die slawe gedood en al die grootvee gebuit. Ou Merda leef nog omdat die booswigte gedink het hy is dood. Voor hulle nog van die skok kon herstel, kom 'n skaapwagter ook daar aan en vertel dat daar uit die bloute 'n verskriklike donderstorm oor hulle losgebars het. Weerlig het al die kleinvee en die wagters doodgeslaan. Hy is die enigste oorlewende. Job het die bibberende slaaf 'n bietjie water aangebied om hom te kalmeer. Die sot het só gebewe dat hy meer water op haar kosbare mat gemors het as wat in sy keel af is. Net toe kom daar nog 'n man uitasem by hulle aan. Dis een van die kameelwagters, het sy dadelik gesien. Hy was ook gehawend en vol bloed. Galdeërs het hulle hele kameelkudde geroof en al die slawe gedood.

As die slegte tydings jou só een na die ander tref, wonder jy onwillekeurig wanneer dit gaan ophou, en sy was half verlig toe die derde berig van die kamele vertel het, want sy het half gevrees dat iets die kinders kan oorkom. Slegte nuus kom mos altyd in drieë, en die derde berig het beteken die rampe is verby. Sy het swarigheid vir hulle gesien, want alles wat hulle het – 'n hele fortuin – is in drie sinne uit hulle lewens weggeruk. Sy het half verdwaas daaraan gedink dat hulle nou heeltemal verarm is. Gelukkig is die kinders nog daar, en dié sal sekerlik kan uitspring en werk gaan soek om vir hulle te sorg.

Toe kom die vierde boodskapper. Dit is ou Eliëser, een van die kinders se slawe. Sy het nog nooit van hom gehou nie. Sy gesig staan altyd op so 'n treurige plooi dat sy hom net wil klap as sy hom sien, want sy verwag gedurig dat daar 'n gekerm by sy mond sal uitkom. Wat hy vertel, laat haar hele wêreld instort. 'n Stormwind het die huis waarin haar kinders saam geëet het, omgewaai. Hulle is almal dood. Net so sê hy. Hulle is almal dood. Almal. Dood.

Haar kop gaan staan stil, en die pyn in haar bors brand alle ander gewaarwordinge weg. Sy het niks meer oor nie. Hulle besittings, hulle kinders, weg. Wat gaan van hulle word? Wie gaan vir hulle op hulle oudag sorg?

Sy kyk na haar man om krag by hom te kry, maar hy is ook gebroke. Die nuus oor die besittings het hy heel goed gevat, maar toe Eliëser van hulle kinders vertel, het dit hom tussen die oë getref. Hy was tog altyd so erg oor die kinders, en besorg oor hulle. Hoeveel keer het hy nie namens hulle geoffer nie! En wat help al sy offers nou? Waar is die Here nou dat hulle Hom nodig het? Waar is Hy?

Soos 'n lewende dooie staan hy op, skeur sy klere en sny sy baard en sy hare af. Toe gaan lê hy op die grond en sê: "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die

Naam van die Here.”

Prys die Naam van die Here? Is hy nou mal in sy kop? Die skok het hom seker aangetas. Hoe kan enige mens by sy volle verstand die Here prys as Hy sopas alles wat vir hulle lief en dierbaar is, weggeneem het?

Dit was drie weke gelede. Job en Eliëser en die ander slaaf wat nog oor is – wat sy naam is, kan en wil sy tog nie weet nie, sy is te seer om enige iets te weet – het hulle kinders begrawe in die ou familiegraf. En die volgende dag vir die stomme ou Merda ook. Daar is nie veel om te eet nie, want Job het hulle laaste lam – ’n hanslam wat in ’n kampie agter die huis was en die weerlig vrygespring het – die volgende oggend aan die Here geoffer. Bid jou aan. Hulle laaste lam!

Intussen het hulle gelewe van die bietjie wat hulle opgeberg het, en van aalmoese wat die bure gestuur het. O, die skande dat sy van ander se aalmoese afhanklik moet wees! Sy is lus en gooi dit in hulle simpatieke gesigte terug. Sy is lus en skree dat sy nie hulle simpatie nodig het nie. Maar sy kan nie, want sy hét die kos nodig wat die mense vir hulle aandra.

En nou, noudat sy hom so bitter nodig het, het Job ook nog siek geword. Kon hy nie ’n beter tyd gekies het om siek te word nie? Hy is oortrek van rooi knoppe. As sy daaraan raak, krul hy van die pyn. Sy hele lyf is vol daarvan. Die knoppe word al groter en bars later oop. ’n Aaklige, stinkende geel sug loop by die sere uit.

Sy staan hom met gevoude arms en aankyk waar hy op die ashoop sit en sy sere met ’n potskerf krap: sy kop kaalgeskeer, die baard af, die klere geskeur, ’n roukleed om, stof op die kop. Haar hart is so stukkend oor haar kinders, sy is so seer binne dat sy nie genoeg energie oor het om nog vir hom ook jammer te wees nie. Die woord ‘pateties’ flits deur haar gedagtes. Job is pateties. ’n Regte sukkelaar. Al sy goed verloor op een

enkele dag, en toe nog hulle kinders ook. 'n Tragiese sameloop van omstandighede, sê Job ewe vroom. Maar almal weet sulke rampe kom nie vanself oor jou nie. Dit kom van God. Hy stuur dit om hulle te kasty wat die spoor byster geraak het.

Sy het goed oor die saak nagedink terwyl sy op haar bed lê en rondrol het. Wie kan dan slaap as jou wêreld ineengestort het? Sy self het nie iets verkeerds gedoen nie, so dit kan tog nie haar skuld wees dat die ellende hulle getref het nie. Dit laat net een ander moontlikheid oor. Hoekom het die sere háár nie getref het?

“Hoekom erken jy dit nie, Job?”

“Hoe bedoel jy nou?” vra hy oorbluf.

“Ek praat van die oorsaak van ons ellende. Wat het jy verkeerd gedoen dat God ons so straf?”

“Ek het niks verkeerd gedoen nie.” Sy stem styg, so asof hy nie kan verstaan waarvan sy praat nie.

“Wel, dis vir my darem bitter snaaks dat die rampe ons sommer so skielik tref. Is dit nie vir jou ook snaaks nie?”

“Snaaks is dit beslis nie.”

“Nou maar hoe verklaar jy die ellende wat oor ons gekom het?”

“Ek het nie 'n verklaring daarvoor nie. Ek weet net dat die Here iewers in alles wat gebeur, tog ook teenwoordig is. Hoe, kan ek nie sê nie.”

“Dis 'n snaakse God wat jy aanbid. As Hy hierdie goed oor ons laat kom sonder dat jy Hom rede gegee het om jou te straf ...”

“Ja, wat dan?” vra hy toe sy nie haar sin klaarmaak nie.

“Dan stel ek nie daarin belang om Hom langer te aanbid nie.”

“Hoe kan jy so-iets sê?” Job se oë is groot van die skok.

“Ek kan dit sê omdat ek alles verloor het wat vir my saak maak!” skree sy half histeries.

“Ons het nie alles verloor nie. Ons het nog die Here.”

“Ja? Moenie dat ek lag nie. Wat moet nóg gebeur voordat jy besef die Here het jou vyand geword? Moet ek ook nog iets oorkom voordat jy dit sal insien, hmm? Hmm?” Sy is so kwaad dat sy hom aan die skouers ruk, sodat hy sy asem intrek van die pyn.

Sy kan sien dat haar woorde hom ontstel, en dit gee haar 'n gevoel van behae. Hy en sy vroom praatjies maak haar siek. Sy wys beskuldigend na hom as sy voorttiet: “En hier sit jy so waar as wragtig ewe vroom en sê die Here is iewers in dit alles teenwoordig! As Hy teenwoordig is, hoekom doen Hy niks nie?”

“Ek wens ek het die antwoord geweet.”

“Wel, as jy nie die antwoord weet nie, sal ek vir jou sê wat jy moet doen: vloek God en sterf, dat hierdie hel kan oorgaan, want só kan dit nie aangaan nie.”

Toe kyk hy haar met sulke oneindig hartseer oë aan, oë waarin die leed van die wêreld lê, oë wat sê hy kry háár jammer – pleks hy homself jammer kry! – en hy sê: “Jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?”

Die boek Job waarsku ons dat ons nie te gou moet wees om sondaars te soek as daar rampe oor ons pad kom nie. Die oorsaak van die seer in ons lewens is nie so eenvoudig nie, sê die boek. Want behalwe ons en ons sonde en God, is Satan ook nog daar, en hy skroom nie om rampe oor mense te bring nie, sommer net vir die pret. As hy 'n onskuldige in die ellende kan dompel, hoekom nie?

Ek wonder of Job se vrou anders sou reageer as sy dit verstaan het. Ek twyfel. Want 'n vrou wat haar man die rug toekeer as hy in die diepste ellende verkeer – wie of wat die oorsaak daarvan ook al is – het hom in elk geval nie lief nie. Of so dink ek.

Onlangse Bydraes

- [Dina, die meisie wat verkrag is](#)
- [Ragel, die vrou wat alles gehad het](#)
- [Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?](#)
- [Jakob](#)
- [Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)